GOEIE NUUS

NG Gemeente Meyerspark

September 2019 - Jaargang 16 Uitgawe 8

Die ewige stryd in ons - Jaco Thom

Ons ken almal die stryd tussen goed en kwaad, lig en duisternis. Dis oral sigbaar: In die wêreldpolitiek, in ons eie dierbare land, in die gemeenskap, in verhoudings, by die werk, in die kerk... Die groot moeilikheid is, dit is ook in onsself, al is ons nie altyd ewe gewillig (en gemaklik daarmee!) om dit aan onsself te erken nie. Binne-in ons elkeen woed hierdie stryd onverpoos voort. Hoe skryf Paulus nou weer in Romeine 7:19? "Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek."

Hoe nou gemaak met hierdie innerlike stryd tussen goed en kwaad? Kan ons daarvan ontslae raak? Kan ons die bose in ons tot niet maak? Die fluisterstem van die duiwel uitdoof? En die begeertes wat hier binne-in ons woel en ons drywe om die verkeerde te doen, tot niet maak?

Te swak

Die slegte nuus is, ons kan nie. Dis eenvoudig deel van menswees; deel van ons DNA sedert die sondeval. Daar het met die sondeval iets in ons gebreek wat die sondigheid in ons lewens ingelaat het, en nou sit ons teen wil en dank daarmee. Jy kan baklei daarteen tot jy blou is, maar wen gaan jy nie. Jy kan wel op die korttermyn en met ysere wilskrag 'n paar oorwinnings oor die boosheid in jou behaal, maar hou gaan dit nie.

In 2 Korintiërs 5 praat Paulus ook van hierdie werklikheid. Hy vergelyk ons aardse bestaan met 'n tentwoning wat broos en kwesbaar is, en dan skryf hy dat hy verlang daarna om sy intrek te neem in die vaste gebou wat God in die hemel vir ons opgerig het. So sal hy immers ontslae wees van alles wat stukkend en onvolledig is.

In vers 4 skryf hy dan: "Ons wat nog in die tentwoning is, sug en voel bedruk omdat ons nie van die aardse liggaam afstand wil doen nie; ons wil die hemelse bo-oor die aardse aantrek, sodat wat sterflik is, verteer kan word deur die lewe." Die laaste deel van die sin het my oog gevang, en ek loop nou al vir 'n geruime tyd met hierdie woorde in my kop: *sodat wat sterflik is, verteer kan word deur die lewe.* Dit wat stukkend is, dit wat die innerlike stryd in my veroorsaak en lewendig hou, sal eendag vernietig word deur die lewe. Maar nie net eendag nie! Al sugtende en swoegend begin dit nou reeds gebeur in ons. Ons hét immers klaar die lewe ontvang, soos vers 17 met dik hale onderstreep: ons wat in Christus is, is nuwe mense!

Die geheim

En dis natuurlik die geheim. Ons kan ons nie uitwurm uit die magsgreep van die sondige natuur nie. Ons kan nie met wilskrag onsself losruk nie. Maar Christus kan! Daarom noem ons Hom *Verlosser:* Hy verlos ons van die dodelike houvas van die sonde, en vers 4 bevat die sleutel: sy lewe verteer die sterflike in ons. Gaandeweg, stukkie vir stukkie, maak Jesus se lewe die ou mens in ons dood. Dit gebeur nie deur ons pogings nie, want dit is God se werk in ons. Maar dit gebeur ook nie sónder ons pogings nie. Dit gebeur na die mate wat ons Christus toelaat om oor te neem, ons denke te oorheers, ons wil te beheer en selfs ons gevoelens. Paulus stel dit so: *Nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe* (Galasiërs 2:20). Of in die woorde van Johannes die Doper: *Hy moet meer word en ek minder* (Johannes 3:30). In Romeine 12:1 staan dit ook: *Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.*

(Vervolg bl 2)

Gebedsgeleenthede tydens eredienste in Augustus

Gedurende Augustus het ons die volgende lande en sake aan die Here opgedra in die Gebedsvoorlesings tydens eredienste:

- Ivoorkus
- Hong Kong
- Landbousake

*Ivoorkus is ook bekend as die Republiek van Côte d'Ivoire en is aan die Golf van Guinee langs Afrika se suidweskus. Daar woon 23,7 miljoen mense in die land wat ongeveer 'n kwart die grootte van Suid-Afrika is. Die eerste landing in die Ivoorkus is in 1442 deur die Portugese gemaak. Vanaf 1843 tot onafhanklikheid in 1960 is die land deur Frankryk regeer. In die onlangse verlede (2002 en 2011) het die land onder burgeroorloë gebuk gegaan, waartydens tot soveel as 160 evangeliebedienaars deur militante Moslemgroepe vermoor is. Die land ly steeds onder die nagevolge van die oorloë, maar is genadiglik besig om te herstel daarvan. Ongeveer 46% van die bevolking is Christene en sowat 40% Moslems en die groepe leef in vrede saam. Evangelisasie, onder andere deur GAP, Missions Africa en Xenos Christian Mission, is op 'n gesonde grondslag.

*Hong Kong is 'n stadstaat en is amptelik deel van China. Dit is een van die vooruitstrewendste ekonomiese brandpunte en van die rykste mense ter wêreld het hulleself daar gevestig. Daar woon 7,5 miljoen mense in die land, wat minder as een tiende so groot soos Gauteng is. Slegs 10% van die bevolking is Christene – 'n oorblyfsel van die Britse besetting van Hong Kong tussen 1842 en 1997. Kommerwekkend is dat sommige bronne beweer dat tot soveel as 80% van Hong Kong se bevolking verklaarde ateïste is of geen godsdiens ondersteun nie. Daar is ook 'n geweldige inkomstegaping tussen rykes en armes en die gemiddelde ryk inwoner van Hong Kong verdien tot 44 maal meer as die armstes. Gevolglik is daar grootskaalse uitbuiting van werkers en sommige werkers oorleef onder haglike toestande. Tans is daar toenemende onrus in Hong Kong en betogers by o.a. die Hong Kongse Internasionale Lughawe, wat onafhanklikheid van China eis.

*Landbousake is ‘n onderwerp wat tans 'n baie groot vraagstuk in Suid-Afrika is weens die beoogde beleid van grondonteiening sonder vergoeding en die emosionele band wat baie van die land se inwoners met die landbou het. Landbou is 'n uiters belangrike deel van ons ekonomie, weens o.a. die diversiteit van landbouprodukte wat in Suid-Afrika verbou word; die belangrikheid van voedselsekerheid en die aandeel wat landbou in die verdiening van buitelandse valuta speel weens die uitvoer van landbouprodukte. Baie inwoners van Suid-Afrika is ook afhanklik van die landbou vir hulle brood en botter omdat hulle hulle inkomste uit landboubedrywighede verdien.

Gebedspunte

- Bid vir die Christene in Ivoorkus wat steeds hulle Christenskap uitleef en dat die uitdra van die Evangelie in die land met rasse skrede sal voortgaan.
- Bid dat die huidige onrus in Hong Kong opgelos sal word en bid veral dat die voorkoms en uitbreiding van ateïsme en ongelowigheid in Hong Kong gestuit sal word.
- Bid vir die landbou in Suid-Afrika en dat die regering Bybelse beginsels sal toepas in hulle beleid t.o.v. Grondonteiening en landbou.
- Bid dat die Here uit genade gunstige toestande vir landbou in ons land sal voorsien.

Die ewige stryd in ons *(Vervolg bl 1)*

Dit gebeur ongelukkig nie eensklaps nie. Dis ’n geleidelike proses van sterf aan jouself sodat Christus se lewe in jou kan oorneem. Vers 5 sê dis God se werk deur sy Gees. En in 2 Korintiërs 3:18 beskryf hy dit só: “Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”

Ja, ons kan dood word vir die sonde! Ons kán ontslae raak van die innerlike stryd in ons! Maar dan moet ons onsself in Christus verloor; sterf aan onsself, sodat Hy kan oorneem.

FEBA stig nuwe radiostasie in N'Djamena, Tsjad - Gerrit van Niekerk

Een van Bereikbediening se projekte is ondersteuning van FEBA. Die volgende is 'n uittreksel uit FEBA se webblad om die gemeente 'n idee te gee hoe FEBA die nasies bereik.

Op 18 Mei 2019 het ons nasionale direkteur, dr Jurie Vermeulen, na N'Djamena, die hoofstad van Tsjad gereis om 'n nuwe radiostasie te stig. Daar het hy past Thomassin Gotingar ontmoet wat die nuwe stasie in die toekoms sal bestuur. Tydens dr Vermeulen se besoek kon hy met past Gotingar en mnr Ayeta Pauli, 'n gekwalifiseerde klankingenieur, 'n volhoubare werksverhouding bou. Mnr Pauli sal in die toekoms as produksiebestuurder van dié radiostasie dien. Dr Vermeulen het ook kantoorspasie by 'n plaaslike televisiestasie bekom, wat die radiostasie sal huisves.

In 'n onderhoud het past Gotingar dié volgende gesê; "Ek glo die stasie sal 'n groot impak maak, aangesien daar so baie verskillende etniese groepe in nabye landelike areas woon, wat nog nie die evangelie gehoor het nie."

Tsjad is 'n diverse land wat in die Sahel-streek van Noordelike Afrika geleë is. Die land is die tuiste van 141 verskillende mensegroepe en het 'n bevolking van meer as 15 miljoen mense. Slegs 26% van die bevolking is Christen waarvan die meerderheid katoliek is. Behalwe vir radikale Islamiete, is korrupsie en armoede ook baie ernstige probleme in Tsjad. Korrupsie vind op elke vlak van die ekonomie plaas as gevolg van swak wetstoepassing en 'n gebrek aan sekuriteit. Tsjad is ook een van die armste lande in die wêreld.

Ons nuwe stasie in N'Djamena sal die evangelie in ses verskillende etniese tale, asook in Frans en Arabies, uitsaai. Dié nuwe stasie het ook die potensiaal om binne 'n 200km radius, twee miljoen mense te bereik. Deur die goedheid en genade van die Here sal ons nuwe stasie aan die einde van 2019 amptelik begin uitsaai. Ons sien uit daarna om in die nabye toekoms 'n oorvloed van nuwe getuienisse vanuit Tsjad te deel.

Op die wysie van 1 Korintiërs 13

Hier is die allerbeste:

Al kan jy noukeurig oor die verlede of passievol oor die toekoms praat, maar jy het niks vir "nou" te sê nie, maak geeneen van jou woorde sin nie.

Al verstaan jy hoe die kwantumfisika gister en môre op 'n vreemde wyse aan mekaar verbind, maar jy bereken nie hierdie oomblik nie, balanseer jou berekeninge nie.

Al het jy gister alles wat jy gehad het, uitgedeel en wil jy môre ook op die markplein gaan staan, maar jou nou-hande is leeg, is jy arm.

'n Nou-mens:

leef die nou híér,
vul hierdie ruimte met sagtheid,
is nie morsig met God se feestyd nie;
is nie gulsig nie,
meet nie sukses in terme van gister se prestasies of môre se drome nie
en beoordeel ook nie ander hieraan nie;
is ingestel op die fyn draadwerk van hulle wat verbystap
en sien hulle nou-behoeftes raak;
beleef 'n vreemde rustigheid;
vul nie vandag se boek met inskrywings van gister se skuld nie;
soek na die positiewe in elke situasie.

Die mens wat nóú en híér leef, kan die verlede met grasie afsluit en die toekoms met opgewondenheid tegemoet stap.

Gister is verby en môre is onseker:
daar is geen afstand op aarde so groot soos die afstand na gister nie;
daar is geen spieël so dof met so 'n raaiselagtige beeld soos môre nie.

Daarom: gister, vandag en môre bly, hierdie drie.

Maar, die grootste hiervan is **vandag.**

Sondig (Vervolg)

Iemand het opgemerk dat God in die Ou Testament baie streng was oor sonde. Mense het selfs gesterf as straf op sonde. Hy gaan verder en vra of dit dan nie vir ons 'n aanduiding behoort te wees dat ons baie ernstiger na die sonde moet kyk nie. Het die Nuwe Testament (Jesus se versoeningsterwe) nie veroorsaak dat ons God nou te ligtelik opneem nie?

Eers net 'n opmerking: Dit sal 'n baie groot fout wees om God te ligtelik op te neem, of om te meen dat ander reëls vandag geld as destyds. Jy maak ook 'n fout as jy dink dat God in die Ou Testament sommer links en regs sonde met die dood gestraf het.

Die waarde van die lewe in die Bybelse tye

Ek dink ons kan ons moeilik terug verplaas in die Bybelse tye. Tóé het die samelewing anders gedink oor straf as wat tans die geval is. Lewens was goedkoop. Mense is maklik doodgemaak vir 'n verskillende klomp oortredings. Die talle oorloë het ook nie gehelp dat mense respek vir die lewe gehad het nie.

Interessant dat God teen dié traak-my-nie-agtigheid oor die lewe protesteer, selfs in die Ou Testament. In Genesis 4 beskerm Hy Kain teen bloedwraak, en later weier Hy dat Dawid 'n tempel bou, omdat Dawid te veel bloed vergiet het (1 Kron 22:8).

Vir God was die lewe van die begin af heilig; vandaar die sesde gebod: "Jy mag nie moord pleeg nie." Ons moet egter aanvaar dat dit lank geneem het voordat die mense begin verstaan het dat menselewens in God se oë kosbaar is en nie sommer net beëindig mag word nie.

Oorgangstye

Dan is dit ook so dat Israel se geloof in hierdie klimaat gevestig moes word. Die straf wat God vir oortredings toegelaat en selfs beveel het, was in ooreenstemming met die tyd waarin hulle geleef het, en dus baie strenger as wat ons sou verwag. Dit was egter noodsaaklik, omdat Israel moes leer dat God algehele gehoorsaamheid eis. Dit is hoe 'n mens Akan se dood (Jos 7) moet verstaan: God het van Israel in hulle nuwe land algehele gehoorsaamheid geëis. Dieselfde geld vir Ananias en Safira se dood (Hand 5). Die jong kerk moes onmisverstaanbaar leer dat integriteit en eerlikheid nie onderhandelbaar is nie.

Hier kom egter nog iets by, en dit is dat ons 'n onderskeid moet tref tussen die doodstraf as 'n staatkundige instrument om wet en orde te handhaaf (Rom 13:4), en die dood as straf op sonde. Onthou dat Dawid die koning was. As hy in 2 Sam 4 beveel dat die deugniete wat Is-Boset vermoor het, summier tereggestel word, was dit in die eerste plek as staatsman en regter.

Jesus

'n Verdere oorweging wat ons in gedagte moet hou, is wat Jesus ons geleer het. Sy boodskap was een van liefde en vergifnis, en ek dink nie ons siening vandag oor die kosbaarheid van menselewens kan van Jesus se leringe losgemaak word nie.

Dit is natuurlik 'n heel ander saak as dit oor sonde gaan. As ons vandag na sonde kyk, moet ons dit in die eerste plek doen as mense wat anderkant Golgota leef. Dáár het Jesus immers beslissend en eenmalig God se straf vir sonde betaal; ook my en jou sonde. Die kruis wys vir ons, meer as enige iets anders, hoe God oor sonde dink. Jesus se leringe van vergifnis en versoening en die ander wang draai verander niks aan die feit dat God die sonde haat nie.

Sonde vs sondaar

Maar dan moet ons bysê: God haat die sonde, nie die sondaar nie.

Die Ou Testament help ons om iets daarvan te verstaan, maar uiteindelik is dit in Jesus se kruisdood wat ons dit die beste begryp. Sonde is 'n gruwel in God se oë. Ek en jy moet ook só oor sonde dink. Maar God het ons, mense, oneindig lief, en ek en jy moet ook.

In die lig van Jesus se offer behoort ons ernstiger oor sonde te dink, nie ligter nie.

Navrae: Ds Niekie (082 853 0104)

Die "Goeie Ou Dae"? - Oom Nils

Toe die gemeente nog baie jonk was, in die dae voordat die kerkgebou voltooi was, het kerkraadsvergaderings gereeld elke maand in die ou kerkgeboutjie in Silverton plaasgevind. Dit was die kerkgebou van die Silverton moedergemeente wat later aan die AGS verkoop en ook verbou is.

'n Kerkraadsvergadering het om sewe-uur op 'n Maandagaand begin en moes om elf-uur klaar wees. Daar was gewoonlik so 'n onderbreking van vyftien minute vir tee, so om en by nege-uur. Die tee is deur die susters verskaf. (In die tyd was dit ook nog mode om te rook en het al die broers wat gerook het buite gaan staan).

Kerkraadslede, ouderlinge sowel as diakens, moes in swartpakke met wit dasse die vergaderings bywoon. Slegs twee ouderlinge, nl oom Naas de Jager en oom Gorden Verster het manelpakke gedra. Aangesien daar baie min "ou" mense in die gemeente was, het 'n kerkraadslid gewoonlik 'n ouderling geword teen die tyd dat hy dertig jaar oud was.

Om terug te kom tot die vergaderings. Indien dit die middag na werk so druk gegaan het en jy sommer die vergadering in jou gewone pak bygewoon het (in daardie dae het mens nog met 'n pak klere gaan werk), en nie tyd gehad het om eers 'n swart pak te gaan aantrek nie, moes die kerkraad eers 'n amptelike besluit neem *"dat die vergadering dit kondoneer dat die broer die vergadering mag bywoon sonder* ***ampsdrag*** *en ook mag stem oor aangeleenthede".* Die besluit is dan ook so genotuleer.

Indien die vergadering teen elf uur nog nie "uitgepraat" geraak het nie, moes daar weer 'n genotuleerde besluit deur die kerkraad geneem word dat die betrokke vergadering na elf-uur mag voortgaan.

Ek weet nie of dit net ouderdom is nie, maar ek kan vandag nie meer onthou wat daardie jare so belangrik was wat ons so laat besig gehou het nie. Dalk wou elkeen maar net belangrik voel en 'n spreekbeurt waarneem.

Die Here is... (Ps 23) - Attie Beetge

Hy **is** die Herder wat jou gaan haal,
as jy ver alleen in die donker bos verdwaal.
En as jy deur donker dieptes moet gaan
is Hy by jou om 'n nuwe pad vir jou te baan.
Alle vrees en kommer sal van jou wyk
want Hy sal altyd met oë van liefde na jou kyk.
Is sy hand sal jy altyd veilig wees
want Hy **is** by jou deur sy Heilige Gees.
By 'n feesmaal sal Hy jou onthaal,
waar jy as eregas vry kan asemhaal.
Sy goedheid en guns sal by jou bly
want nou **is** dit vir altyd net Hy en jy!

Gebed

Wat maak gebed so anders
As ander gesprekke?

Jy hoef nooit 'n afspraak te maak nie.
Die lyn is nooit beset nie.
Daar is nooit te veel ander besoekers nie.
Die Hoorder is nooit te besig nie.
Hy is nooit uithuisig nie.
Hy stuur jou nooit weg nie.
Hy val jou nooit in die rede nie.
Hy luister nooit met 'n halwe oor nie.

Hy vergeet nooit jou versoeke nie.
Hy is nooit raadop nie.
Hy word nooit moeg nie.
Hy is nooit in 'n slegte bui nie.
Hy vra nooit vergoeding nie.
Hy wag op ons.
Kom ons tree met eerbied,
met oorgawe en vertroue in gesprek
met Hierdie wonderlike Herder.

Bybelleesprogram - September 2019 **Prys die Here!**

Ons nooi alle lidmate om deel te neem aan ons Bybelleesprogram om elke dag die teks te lees vir die spesifieke dag.

Son	Maan	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
1	2	3	4	5	6	7
Gen 24:27	1 Kron 16:8	1 Kron 16:35	Ps 30:2	Deut 32:3	Rigt 5:2-3	1 Kron 16:28-29
8	9	10	11	12	13	14
Neh 9:5	Ps 9:2-3	Ps 66: 19-20	Ps 150	2Sam. 22: 47-50	Esra 3: 10-11	Dan 6:11
15	16	17	18	19	20	21
Matt 21:9	Eseg 3:12	Luk 2:20	Rom 15: 9-11	Jak 3:9	Ef 1:5-6	Open 19:1
22	23	24	25	26	27	28
Kol 3: 16	Ef 5:19-20	2 Sam 22:47-48	Ps 71:8	Ps 84:2-3	Ps 86:11-12	Ps 92:2-3
29	30					
Ps 145:1-3	Ps 146:1-2					

MEYERSPARK
EIENDOMSDESKUNDIGE
18 JAAR ONDERVINDING VAN
EIENDOMS VERKOPE IN AREA
KOOP/VERKOOP OF MARKWAARDASIE
SKAKEL MY GERUS.
STIENIE NAUDE
FAR EIENDOMME
082 335 0720

Boomslopings en snoei. Gratis kwotasies /versekering.
Kontak Ernst 083 656 4992
www.treecarepta.co.za

Lief en Leed

Susan Nell, Christiaan Duvenage, Johan Visser en Hettie Bezuidenhout is die afgelope tyd oorlede asook Ettienne Theron se broer. Ons gebede en meegevoel gaan uit na hulle naasbestaandes.